# EEN ONGELUK TE VEEL

Henk Human Reeks (2)

Jef van Staden

Daar was drie „ongelukke"—eintlik vier! En reeds na die eerste een het Henk Human se agterdog hom geen rus gegee nie. Die gevolg was dat 'n kunsskilder by die „Soete Lewe" aangekom en net so vinnig weer verdwyn het.

Toe het 'n brander iemand meegesleur, en daarna het 'n groot rots op 'n bergklimmer afgestorm gekom . . . Maar toe die vierde ongeluk plaasvind, was dit net mooi een te veel . . .

Henk Human in . . .

# EEN ONGELUK TE VEEL

*deur*

JEF VAN STADEN

*Uitgegee deur*

PRONKBOEKE

POSBUS 972, JOHANNESBURG

1961

## INHOUD


| *Hoofstuk* | *Bladsy* |
|---|---|
| 1. Die Soete Lewe ... ... ... ... | 5 |
| 2. „Ek Het Hom Vermoor!" ... ... ... | 17 |
| 3. Sandra Kry Besoek ... ... ... | 27 |
| 4. Onopgelos—Amptelik ... ... ... | 38 |
| 5. Die Skilder ... ... ... ... ... | 46 |
| 6. Blondie Gesels ... ... ... ... | 56 |
| 7. Kaapse Wittebrood ... ... ... ... | 65 |
| 8. Toets Stort 'n Traan ... ... ... | 73 |
| 9. Ramp by Rooi Els ... ... ... ... | 80 |
| 10. Die Oomblik is Nou ... ... ... | 87 |
| 11. Twee Ongelukke ... ... ... ... | 95 |
| 12. Die Monster ... ... ... ... ... | 103 |


Hoofstuk 1

## DIE SOETE LEWE

„DAAR gaat hy—op die ‚Soete lewe'—gesondheid!" Henk Human moet beur om sy lang lyf—van die kroon in sy geel bos hare tot by die nommer-elf-voete, 'n hele ses voet vier en driekwart duim, presies—uit die diep skottelstoel te lig. Die donkergroen kelke klink en Henk proe-proe aan die suiwer druiwesap, „gebottelde sonskyn wat u nooit sal aantas nie, slegs die gesondheid sal bevorder," soos hy so pas op die etiket van die karba gelees het.

„Dankie," en Rand Keizer se ronde gesig breek oop terwyl hy opkyk en glimlag. „Op Dulce Vita, die ‚soete lewe'," mompel hy agterna, „en op sy *edele* doelstellings."

Henk wurg 'n sluk druiwesap af en sak in die holtes van die stoel weg. Oorkant hom, skuins verby Henk se knie-koppe wat al in die pad is, gaan sit die heer Rand Keizer ook. Sy kanariegeel fluweelonderbaadjie span styf oor sy voor-stewe en vir Henk lyk dit asof Keizer regtig lus het vir iemand wat bereid is om na hom te luister.

„Wat is die doelwitte van Dulce Vita waarna julle so jaag, mnr. Keizer?"

Keizer laat nie op hom wag nie. „Ek is bly jy vra dit. Dit was baie gaaf van jou en jou vriendin om die uitnodiging na ons partytjie aan te neem."

„Plesier," antwoord Henk. „Vertel my die hele lang storie."

Keizer weifel 'n oomblikkie, daar is so 'n trekkie van onsekerheid wat oor sy gesig speel terwyl hy na die uitdrukkinglose gelaat van hierdie lang geelkop-man voor hom kyk. Maar dan oormeester die drang hom om oor sy trotse baba te gesels.

„Ses maande gelede, mnr. Human, was hierdie man wat jy nou hier voor jou sien, 'n wrak, 'n opdrifsel. Behalwe trombose, indigestie, spatare, warm gloede en chroniese tamheid het ek ook aan slaaploosheid gely."

„Daar moes bepaald 'n wonderwerk gebeur het, mnr. Keizer. Het jy 'n besoek aan Lourdes gebring of 'n bloedlating ondergaan? Want jy lyk nou pure perd."

Keizer blom. „Jy kan inderdaad praat van 'n wonderwerk. Die ding wat gebeur het, was so 'n keerpunt in my lewe dat ek werklik iemand moet huur om eendag my biografie te skryf."

„Dit behoort 'n baasverkoper te wees," sê Human en neem 'n tweede slukkie druiwesap.

Rand Keizer weet nie mooi hoe hy hierdie opmerking van Human moet opneem nie. Hy voel of sy swart borselsnorretjie nog daar is, trek die gestippelde slangveldassie reg en hervat :

„Daar was ek—die Midas van die mynmagnate. Net waar ek vat of belê, borrel die rande op maar intussen moet ek elke dag ses verskillende soorte pille drink net om my lamlendige liggaam aan die gang te hou en 'n oog oor my groeiende fortuin te gooi. Hoe meer my liggaam agteruit gegaan het hoe erger het ek gespook om my bankbalans te vergroot in die waan dat my sakke geld op een of ander manier sekuriteit sou bring teen die stygende onsekuriteit wat ek self gemaak het. Ek was op die drumpel van 'n senuwee-instorting, my vrou het my weggegooi omdat ek selfs my nagte in die kantoor deurgebring het op soek na nuwe kanse vir winsgewende transaksies. Sy het van my geskei, en toe



ek oor hierdie skok was, het ek *eers* aan die werk gespring om geld te maak . . . My gedagtes het kompleet op hol gegaan . . ."

Rand Keizer skep asem en vul sy voorraad druiwesap aan.

„En toe," sê Human, „het die wonderwerk gebeur?"

„Nee, eers het die grootste ramp my getref. Ek was in daardie stadium blykbaar nie tevrede met die kwellings wat ek myself opgelê het nie. Want toe kom daar 'n taamlik ernstige instorting op die aandelebeurs en dis toé dat ek my eerste ernstige hartaanval kry. Maar wat, met behulp van die beste mediese aandag wat geld kan koop, is ek binne 'n paar dae weer agter my eikehout-lessenaar en spekuleer ek weer wild en wakker."

„Alreeds 'n junior wonderwerkie," sê Human.

„Net so, maar dis toe dat ek een middag laat sommer so 'n oorweldigende gevoel kry van swartgalligheid, dat dit alles tog maar tevergeefs is, dat ek maar net nog 'n voorbeeld is van die ou spreekwoordelike ryk dwaas wat gaan afkap net wanneer my skure propvol is. Ek slaan die een na die ander regmaak-pil weg maar dis verniet. Dit voel vir my asof ek in 'n slangput in wegsak. En so sit ek toe daar in my luukse-kantoor, kop omlaag, pootuit . . ."

„En toe stap sy in . . ."

„Hoe het jy geweet?" vra Keizer met starende oë.

„Die ou Adam in my het my gesê," antwoord Henk en hy sit die glas nog driekwart gevul met druiwesap langs sy stoel op die vloer neer.

„Buitendien verskaf dit aan die storie van jou lewe 'n bloedoortapping in 'n kritieke stadium."

„Juistement, maar hoe lyk dit vir my asof jy nie van ons drankie hou nie, mnr. Human?"

„Gee my net kans; my maagsweer sal dit netnou vat. Soos jy gesê het . . ."

„Jy kan werklik sê dat Sandra Gander soos 'n bloedoortapping vir my was. Noem dit die noodlot, die silwere rand aan die donker wolk, of blote toeval, maar sy het letterlik my lewe gered. Ek het haar van geen kant geken nie maar skaars twintig sekondes nadat sy in my kantoor gekom het, het ek sommer baie kalmer gevoel. En toe val sy met die deur in die huis en wys my daarop dat ek net holderstebolder saamdryf met die selfmoordlegioene van die ,spanningsbeskawing'. Sy sê ek is besig om my siel te verkwansel vir 'n sak rande en dat trombose maar slegs 'n voorspel was tot die folteringe wat nog sou volg. Verbeel jou, 'n vreemde vrou kom sê hierdie dinge vir my . . ."

„Ek sien julle twee daar . . . sy is 'n platinum-blondine, sy is lank maar tog mollig, haar bene is vir R20,000 verseker, sy glimlag en jy wil smelt, sy . . ."

„Nee, nee, jy het dit totaal mis. Mooi en aantreklik was sy wel—en 'n rooikop, tussen hakies—maar tog veel meer. Want sy het my daardie middag oortuig dat ek op die verkeerde pad is, dat daar 'n radikale ommeswaai in my lewe nodig was anders was dit 'n kwessie van wke voordat ek omdop."

„Het sy toe vorendag gekom met 'n meester-plan om jou te help om jou pitte te spandeer?"

„Korrek, in dié opsig dat sy my gewys het hoe om my lewe en my geld nuttig te bestee juis om die verrotting in ons hedendaagse hals-oor-kop-lewe te bekamp."

„Hoe?" vra Henk.

„Deur Dulce Vita moontlik te maak—die oase vir ontspanning in the mallemeule-gejaagdheid van die masjieneeu. En kyk maar self na die gelukkige gesigte wat jy hier om jou sien, en onthou: hierdie een is maar die eerste van 'n reeks wat ons beplan. Maar wag, daar kom sy nou net by die deur in. Jy kan haar self ontmoet."



Terwyl hy na Keizer se verhaal geluister het, was Henk bewus van mense wat kom en gaan, 'n klavier wat in die oorkantste hoek van die ruim saal bespeel word, van dansende pare.

Kort nadat hy en Elsa Enslin by die Dulce Vita-party opgedaag het en iemand hom aan Rand Keizer voorgestel het, het Elsa in die bondel mense verdwyn. Sy het deur een van haar menigvuldige sosiale kontakte 'n uitnodiging gekry en sy moes Human behoorlik saamsleep na die „oase" aan die oewers van die Jukskeirivier net suid van Pretoria waar Rand Keizer sy Utopië uitgelê het. Maar ten spyte van die druiwesap, die temerigheid van Keizer en die skottelstoel wat so vreet aan sy rugsenings, moet hy teenoor homself beken dat sy verveeldheid aan die kwyn is . . . veral terwyl hy na die dametjie kyk wat nou nader.

Het Rand Keizer gesê sy's mooi? Dis nie die woord nie! Dis 'n prima-roos hierdie, maar die allereerste gedagtetjie wat deur Henk warrel, is dat êrens 'n dorinkie ook aan hierdie blommetjie moet sit; net, jy sal baie fyn moet kyk om dit te sien.

Sy trippel tot vlak by Henk. Sy is fyn afgewerk en taamlik kort, maar die formasie, veral in die boonste verdiepings, sal 'n fynproewer laat lippe lek.

Sy is die ene sonskyn toe Keizer haar aan Henk voorstel en sommer ook byvoeg :

„Hierdie lang man is 'n ou skeptikus, Sandra. Ek het hom een en ander vertel. Sal jy 'n woordjie bysit?"

„Dit sal 'n plesier wees," sê Sandra.

„Vir my ook," voeg Henk by en hulle gaan sit.

Sy help haarself aan 'n sigaret toe Henk dit aanbied en onderwyl sy die eerste trek of twee neem, boer haar oë op hom. Dan lyk dit vir Henk asof sy besluit wat sy hom gaan vertel en is sy dood op haar gemak toe sy wegval :

„Eintlik was ek maar net 'n brug want ek het die groot hart van mnr. Keizer gebring na die man met 'n wonderlike gawe en die twee het wonderbaarlik saamgesmelt."

„En wie is die begaafde man en wat is sy besondere talent?"

„Jy sal nou-nou weet en hom later vanaand nog in aksie sien ook. Is jy altyd so haastig?"

Henk glimlag. „Ek kan nog baie haastiger wees ook . . . of veel stadiger; dit hang net af van die omstandighede, Sandra. Ek dink jy is baie interessant."

„En hoekom dink jy so?"

„Ek sien wat ek sien."

„Die ou sfinks nè?" lag sy.

„Vertel my," sê Henk en begin selfs kans sien vir nog 'n sluk van die druiwesap.

Sy kruis eers haar bene, en die kuite wat in die proses blootgelê word, laat Henk dink dat Rand Keizer nie juis die spanning by sy sakemanvriende veel sal verlig as Sandra skielik tussen hulle moet verskyn nie.

„Wel, ek en my man, Derick, was tot verlede jaar nog die liefies van die opperste sosiale kringe aan die Rand. Dit was een swierige skemerkelk-party na die ander en ons het gemeen dat ons 'n skare vriende het. Maar toe draai die gety teen ons, en raak ons in geldelike moeilikheid en uiteindelik bankrot, en toe verdamp al ons mooiweersvriende. En in daardie stadium loop ek vir Taars Henning raak. Vir sy daelikse brood en botter was hy êrens 'n tweedegraadse klerkie van beroep, weggesteek in 'n afgesonderde kantoortjie. Jy kan begryp dat ek, nadat ons so van die sosiale troon afgetuimel het, op daardie tydstip bra rou van binne gevoel het en dat my senuwees amok gemaak het.

„En die dag toe ek na die klein kantoortjie aansukkel om ons bankrotskap te gaan rapporteer, was ek op die breekpunt en toe ek ons storie aan die klerkie vertel, raak ek sommer aan die bewe. Dit voel vir my ek raak waansinnig soos al die opgedamde emosie wil oorkook. En dis toe dat Taars Henning oorneem en my met net 'n paar woorde so kalmeer dat ek behoorlik voel asof ek *net* gebore is en lus het vir lewe."



„En wanneer kry jy toe jou eintlike breintrilling?" vra Henk.

„Eers ure nadat ek by Henning weg is, het ek die moontlikhede besef wat daar in hom skuil. Om daardie gawe van hom om onstuimige mense te help om hulle ou kwellinge af te skud en weer neutvars van voor af te begin, aan te wend in hierdie tyd waar dit so broodnodig is."

„En toe?"

„Dit was net 'n kwessie van iemand vind met die nodige fondse, en die gawe van Henning sou beskikbaar gestel word vir die mensdom."

„En Keizer was die man wat bereid was om só onsterflikheid te bereik?"

„As jy so wil sê, ja. Ek was dus bloot net die skakel."

„Nirvana, hemel op aarde, is dus nou na 6000 jaar sedert dit die eerste keer in die vooruitsig gestel is, eindelik aan die stille oewers van die Jukskeirivier verwesenlik?"

„Laat ons sê die fondamente is gelê," antwoord Sandra Gander.

„En waar is jou goeie wederhelf nou?"

„O, hy is ook hier. Ons het 'n villa in Dulce Vita. Ons werk natuurlik nog in Johannesburg, maar die skille is nou van ons oë af. Ons hele benadering is anders, ons lewe nou uitsluitend vir ons naastes en kan smiddae nie wag om weer hier in die verkwikkende klimaat van die nedersetting te kom nie."

„Verstaan jy nou, mnr. Human?"

Dit is Rand Keizer wat nou agter Henk staan en die vraag met triomf in sy stem stel.